

Musiek

Musiek

Is die globale musiekwêreld teen YHUH gerig? As jy geestelike musiek luister word jy geïnspireer en verkwik deur die lirieke, klanke en woorde en dit laat jou oorgaan in 'n atmosfeer van ekstase; ondervind jy dieselfde gevoel as jy Skrif lees en studie doen? Kan jy daardie klank van die musiekinstrument met woorde in die Skrif vervang? Wanneer jy erotiese, hartseer of opgewonde musiek maak doen dit nie weg met YHUH nie? Amos.6; 8 As ons sing en dans vir YHUH, dra dit Sy goedkeuring weg?

Al hierdie soort vra kom by baie op en daarom moet ons gaan kyk na die oorsprong en doelstelling van musiek.

Musiek is klank wat gemaak word om stilte te versteur; dit veroorsaak 'n trilling in die lig wat alles beïnvloed. Klank is ontasbaar en verdwyn weer as dit gemaak word. Musiek wat uit die natuurlike rondom ons is soos die voël sang of kabbelende waterstrome kom van YHUH. Musiek wat deur die mens geskep is het dit (sodanige) kuns geag om die natuurlike na te maak. Hulle het hul bes probeer om strelende kombinasies van klank voort te bring om so uiting aan die wisselende stemming van die mens se gevoel te gee {Volgens F. J. Labuschagne en L.C. Eksteen}. Soos hulle sê: musiek bring iets na vore wat daar nie was nie! Dit is 'n saamklinkende geluide wat strelend of onaangenaam is. Dit is 'n kuns om 'n nabootsing te kan maak wat YHUH reeds in die natuur daar gestel het. Die diere, plante, voëls en selfs die insekte het die unieke klanke wat hulle voortbring by YHUH ontvang. Die harmonie van die natuur het die mens met sang en snaar probeer naboots.

Kom ons kyk na musiek se oorsprong en die beheer daarvoor. In klank het YHUH ons Skepper alles wat ons kan aanskou verbind. Suiwer, mooi en rein klank het Hy daar gestel sodat die een geskapene die ander komplimenteer met sy klank. Musiek of klank is 'n trilling wat gegee word en so deur die oor of vel ontvang word. Oorspronklik {volgens die astroloë} was die planete rondom die aarde so gespasieerd dat dit musiek veroorsaak het vir die aarde. Soos ons weet is daar baie los bewegende klipmassas in die ruimte en dit het aan die planete behoort. Die planeet was verpletter deur YHUH toe Hy 'n stuk ys (meteoriet) na die aarde gestuur het in Noag se tyd (wêreld vloed). Weens die afwesigheid van die planeet het die planetêre musiek verdwyn vir die aarde. In die Skrif sal ons sien dat daar harp musiek in die hemel gespeel word waarvan satan as hoof eens daarvoor aangestel was. Daar moet ook trompette wees, want dit word duidelik in openbaring uitgewys wanneer die trompette geblaas word. satan is 100% bewus van musiek en klank (*veral vir ons as mens wat afhanklik is van klank*) en dus weet dat hy dit kan gebruik teen YHUH se skepping. satan is uit die hemel geskop waarvan hy met sy engele musiek misbruik en 'n probleem vir ons op aarde is rondom die musiek scenario.

Kom ons begin met die instrumente.

Harpmusiek gee klank sonder ritme. Dit kan vloeiend en ononderbroke gespeel word. Daar hoef nie regtig enige liriek aangekoppel te word nie. Dis 'n sagte en strelende bron van klank tot die onmiddellike omgewing. Die harp is die oudste en bekendste instrument naas die fluit of trompet. Soos die harp sag en strelend is, is die trompet en fluite hard en aanvallende musiek. Met die fluit - of trompet klank, kan die harp verskillende klanke na vore bring, maar met die verskil dat dit deur wind voortgebring word waar die harpsnaar klanke is. Dan kry ons die trom klanke wat, soos die ander, verskillende klanke na vore kan bring, maar met die verskil dat dit met ritmes geslaan kan word, waar die ander instrumente dit nie kan doen nie. Jy kry ook die simbaal klanke wat nie in die begin eeue in gebruik was nie en die klank wat dit deurgee het is meer ondersteunend om die trom klank af te rond in 'n sprankeling; so ook die simbaal en driehoek wat ideofone is wat klank in 'n bepaalde gedagte laat vertolk.

Wat is die doel van musiek? Die doel is, satisfaksie, hetsy gee of ontvang! Kom ons kyk na satan met sy verfynde taktiek in die musiek wêreld. Eerstens hoekom plaas satan sangers op hul LP, CD of DVD's 'bogos'. Wat beteken 'bogos'? Dit beteken dat dit nie werklik is nie, dis net 'n sinnespel en oë verblindheid! Dus behoort 'bogos' aan satan (*oog verbindende god van die aarde*)

Om terug te gaan na die wortel van 'musiek verleiding' gaan ons na Adam en Eva. Toe Adam met Eva op YHUUH se bevel uit die tuin moes gaan was die bevel so ook aan satan. So is hulle oos uit die tuin {Red Basin} en het gaan woon in die nabyheid van die tuin (*sekerlik om eendag weer terug te kon gegaan het*). Ons weet ook dat Kain oos verjaag was na die volke wat oos van die Adamiëte gewoon het (man en vrou skepping). Met die vermeerdering van die Adamiëte het hulle afsonderlik gewoon weg van die 'man en vrou' skepping waar Kain gaan woon het. Kain en sy pa satan was besig onder die oosterse volk deur hulle te beïnvloed met sy slimheid, wat natuurlik musiek kuns insluit. Kain het musiek instrumente gemaak wat mooi en aantreklike klanke gemaak het. Die klanke het die Adamiëte se ore en harte getref waarvan dit 'n groot begeerte in hulle harte laat ontstaan het om na hulle bure te gaan en deel te hê aan hulle lekker musiek klanke. Telkemaal is hulle gewaarsku om weg te bly en net YHUUH te dien en niks meer nie, maar soos die geskiedenis ons leer het hulle nie geluister nie. Kort voor lank is hulle oor na die oosterlinge en het begin om te verbaster. Nooit kon die Adamiëte weer terugkeer na hulle eie mense weens hulle wetsoortreding (*soos Adam en Eva nooit weer na die tuin kon terugkeer nie, net so ook die wat tussen die ander volke gaan woon het*). Die volle verhaal kan daarvandaan verder gelees word in Genesis (*oor die gevalle engele, ens.*).

Baie jare nadat die aarde saam met die mens en dier gestraf was het YHUH hulle weer 'n kans gegee toe Hy hulle by die berg Sion (Horeb) laat saamtrek het om met hulle 'n huweliksverbod te sluit. Toe Moses te lank vertoef het op die berg saam met YHUH het die volk begin om aan 'n vals god te aanbid wat hulle saam met hulle uit Egipte gebring het. Hulle het nie net die goue kalf gemaak en dit aanbid nie, nee hulle het luidrugtig musiek gemaak, kaal gedans en openlik seks gehad voor die goue kalf. Dit was die heidense tradisie om 'n afgodsbeeld te maak wat in die plek van (enige) hulle god moet wees, m.a.w. hulle het YHUH in die kalf gesien en hom op die heidense manier te loof en prys (Presies wat gebeur het toe die kinders van Adam na die oosterlinge gegaan het). Daarom die oordeel toe Moses die vuilheid aanskou het toe hy van die berg afgekome het. So kan ons deur die Skrif gaan en sien die halsstarrigheid van die volk om YHUH te terg deur (Kain) sataniese musiek.

Ons kan vra wat is die doel van die lewe op aarde (*as daar nie musiek is nie*)? Is dit om langer te lewe op aarde deur om dood te vermy (*met of sonder musiek*)? Of is dit om jouself 100% uit te lewe op aarde (*met musiek*)? Moet ons nie onself 100% oorgee aan YHUH sodat Hy al die nodige dinge op aarde vir jou gee nie (*wat musiek insluit*)?

Kom ons kyk of sing, dans en instrument musiek in die alledaagse lewe reg is en waar die gevare lê. Ons begin eers om te kyk waar ons musiek vind op aarde en aan wie is dit gewy?

- 1) Begrafnisse, feeste (geestelike) en huise kry jy gewoonlik treurig, hartseer en soms opgewonde en vrolik musiek. Die soort musiek klanke behoort aan eie satisfaksie.
- 2) By dobbelhuise, danse, diskoteke, feeste (*popsangers*) en nagklubs kry jy verleidend en onderduimse musiek. Die soort musiek klanke is oorverdowende en opwekkend.
- 3) By besigheid sentrums kry jy sagte agtergrondmusiek. Die soort musiek klanke is onbewustelike manipulasie en werk met die onderbewussyn. Daar word gewoonlik 'n baie fyn sein deurgegee sodat die blote oor dit nie kan optel nie, maar wel registreer in die brein (*om die geld los te kry in die sak*).
- 4) Op straat soos op selfone, oorfone, loop radio's en in motors kry jy gemengde musiek soorte van bogenoemde. Die musiek klanke behoort ook aan eie satisfaksie en die begeertes lê in die woorde van die sangers.
- 5) Dan die natuurlike musiek klanke. Volgens Cornelis van Dalen rondom musiek kom dit van die natuurlike musiek klanke (*die dagbreek koor van die voëls*) wat die is mooiste gebeurtenis is wat deur YHUH van al Sy skepping geskep het. Veral in lente tyd, net voor die son se oggend strale deursyfer, waar die voël sang begin.

Volgens soveel navorsing oor die vroegoggend voël sang waar die plante, diere en alle lewende organismes onder of bo-op die aarde daardeur bevoordeel word. Die bogenoemde musiek klanke wissel van hewige metaal geraas tot sag verleidende klanke. Hetsy instrumentele soos tamboeryn, simbaal, harp, snaar, trompet of trom (drom) word gewoonlik gewy aan eie satisfaksie of aan afgode. Sommige klanke is stemmig en beheers waar ander weer oorverdowend en onbeheerd is. Akteurs gebruik dit in hul sang en danse, ander weer in poësie, waar 'n klomp musiek klanke net drink liedere is.

Nou tot openbaring van die werklike klanke wat die mens beïnvloed is die trom, kitaar, fiool en die mens se stem. Die panfluit met harp klanke het satan vele tot val gebring in die begin eeue, maar later van jare het hy met meer geraas na vore gekom soos die trompet en tromme. Om die vloeiende musiek klanke te breek en 'n ritme daaraan te koppel het die trom ingekom. Daar is nie een musiekstuk op aarde wat nie 'n trom (drom) slag in het nie. Die vloeiende musiekinstrumente is die voorstelling van die vloei van die bloed in die are. Die trom ritme is die hartklop ritme om die bloed te pomp in die liggaam. Die algemene musiek skrywer se doel met die trom slae is om die hartklop te verteenwoordig (*you got to have beat*).

Deur die hele Afrika speel die swart volkere net op tromme en dans om 'n vuur vir hulle god. Daardie selfde hartklop trom slae kry jy in die meeste musiek op aarde. Sonder ritme kan jy nie dans nie en daarom die trom. Dit laat jou op die ritme dans waar harp musiek dit nie kan doen nie. Die trom klanke gepaard met kitaar klanke skep dadelik opgewondenheid in jou binneste soos: hip hop, rap, rock & roll, reggae, ens., werk 100% op ritme. Die Afrika trom slae met gepaardgaande krete is die verbinding tussen die natuurlike en die bonatuurlike (so sê hulle). Pop en disko het ook die hartklop in van die voorvader gees aanbidders. Wat ek probeer deurgee is dat die ritmiese musiek aan satan behoort. Luister gerus na die meeste musikante se woorde waaroor hulle sing. Dit is net seks, liefde en vrouens. Dit is net begeertes na die vroulike geslag. As die vroue weer sing dan is dit dieselfde. Daar is geen skaamte in hulle woorde of sinnespel na seks nie. Soos ons weet gaan die hewige metaal en ondergrondse musiek weer net aan en oor satan. Die algemene gesegde is mos: wyn, sang en vroue. Nou kom die skokgolf, en mag dit almal tref wat graag wil ophou met oppervlakkige musiek. Al die musiek waarvan ek verduidelik het in die traktaat is die dans van die dood musiek. Dit is 'n "on vergeef bare" wetsoortreding. Elkeen wat 'n instrument optel en dit speel tot verering aan satan is onvergeeflik. Die wat luister en met dit saamleef sal onder die oordeel wees. Die wat wegstap en vergifnis vra sal vergewe word, maar die wat vergewe was en weer teruggaan, pleeg verraad en dus val hy onder die wat die instrument speel.

Ewige hel wag op hulle. Baie kom kamstig tot inkering (*ek praat van die musikant en die een wat verraad gepleeg het*), maar min wetend is dit onvergeeflik. Dit is soos 'n hoender wat se kop afgekap word. Nadat die kop af is dans die hoender nog steeds rond, maar dit is te vergeefs, want die liggaam kan nooit weer herstel nie. Hoe kan jy vergewe word as jy verraad gepleeg het? Eenmaal het hy die lewe gesmaak met al sy lekker daarin, maar as die kop weg is, is die lewe ook weg en dan kan jy nooit meer terugkeer nie. Sonder kop is lewe onmoontlik! (*Sonder YHUH is die ewige lewe nie moontlik nie*).

Om af te sluit, mag ons sing en dans en musiek maak vir YHUH. As musiek aan 'n god gewy word soos Mozart en baie ander dit doen is dit onvergeeflik. As musiek in die Baal name (H-re / Je-us) gemaak en sing word is dit vergeeflik, maar onvergeeflik vir die een wat opgehou en weer begin het met die Baal name. Geen hartklop musiek mag tot YHUH gespeel word nie (hetsy Afrika of modern). Ps.150 gee Dawid dit deur dat ons wel YHUH moet loof en prys, maar met die verskil dat dit nie lekker saamsing liedere is nie, maar direkte liedere tot YHUH (*ons moet nie sing kom ons loof YHUH of loof YHUH nie. Ons moet sing YHUH U is Groot; YHUH U is Almagtig. Ons moet direkte liedere wei tot YHUH, m.a.w. ons moet nie mekaar opdragte gee om YHUH te loof nie, maar dit eerder self doen*).

Daar is 'n ramshoring wat geblaas kan word om YHUH te loof en prys. Daar is al die musiek instrumente wat Dawid aanhaal om te gebruik om YHUH te loof en prys. Dis nie nodig dat ons in groepe bymekaar moet kom om YHUH te loof en te prys met instrumente nie, doen dit alleen. Hoe intiemer jy YHUH kan loof en prys hoe intiemer jou saak met Hom.

Breek weg van oppervlakkige horisontale musiek, weg van alleman se musiek, weg van selfgesentreerde eie ek musiek. Begin met stilte binne jou. Laat YAHUSHA die musiek binne in jou wees. Laat Hy jou Begeleier wees tot lofprysing. *1 Pet. 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie*, m.a.w. eenmaal deur waarskuwing het jy besef dat dit verkeerd was, eenmaal tot inkeer gekom, eenmaal weggestap, eenmaal gered uit die kloue van die dood ("musiek"). Eenmaal Los gekoop. Die wat verlig was en weer teruggaan het om te doen wat verkeerd was sal nooit meer die voorreg hê om in die Boek van die Lewe te verskyn nie. Daar word nie in die Boek van die Lewe bygevoeg of ingeskrywe nie, slegs uit die Boek gegee. Eenmaal uit dié Boek, altyd uit die Boek.

Luister nou mooi na die volgende, nl: Voëls wat hulle sang in die vlees en geestelike realm laat hoor asof hulle die opdrag verstaan wat vir hulle gegee was. Daardeur is hulle direk in kontak met hulle Skepper. Voëls weerspieël skoonheid en die subtiliteit van die onderliggende majesteit van die natuur.

Die blanke Adamitiese man is ook die kontak na sy Skepper deurdat hy 'n instrument vir YHUUH is. Ons Skepper het ons so gemodelleer dat ons liggaam musikale klanke (Bid, Sing, Huil, Lag, fluit) kan voortbring. Die manlike Adamiet "**IS**" in kontak met YHUUH.! Hulle word deur satan verblind sodat die kontak nie opsigtelik moet wees nie.

Ns:.

1} Onthou jy kry musiek klanke tot YHUUH waarvan jy met Hom te doen het. Die musiek tot YHUUH kom uit jou binneste, dit kom uit die Skrif, dit kom uit die voël sang en natuur, dit kom van jou deur 'n musiekinstrument. Sing en dans vir en tot Hom soos 'n Dawid van ouds.

2} Jy kry musiek klanke tot jou medemens waarvan jy met hom te doen het. Ritmiese, (Afrika hartklop) hewig geraas en sodanige liefdes musiek. Mars en oorlog musiek. Musiek om jou mede broer se bloeddruk op te stoot of om hom treurig te laat voel, m.a.w. om met sy emosie te speel. Jy mag dit nie doen nie. Dit is satan en sy werkers wat emosionele musiek vir die mens berei.

3} Jy kry musiek klanke tot satan waarvan jy met hom te doen het.

Wees dus oordeelkundig in jou musiek klank keuse tot opbouing vir jouself en so ook vir andere rondom jou. Onthou jy is reeds verbind tot jou Koning. Verbly jou in Hom en Hy sal Hom in jou verbly. Hy sal met jou die musiek maak wat die wêreld verstom!

Halleluja!